24 April 2016

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

LITURGIESE RIGLYNE

OGGENDDIENS 09:00

***TEKSVERS**: Markus 2:1-12*

***TEMA:** Genesing is die vrug van vergifnis.*

LOF- & AANBIDDING 18:30

***TEKSVERS:** 1 Johannes 3:1-6*

***TEMA:** "Nee, ek kan nie kla nie, dankie!"*

AANDDIENS 18:30

***TEKSVERS:** Handelinge 2:36*

***TEMA:** Bedoel jy dit regtig as jy sê dat Jesus die Here is?*

♡ ♡ ♡ ♡ KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar ♡ ♡ ♡ ♡

VERWELKOMING:

Hartlik welkom aan Martin en Simoné Twaddle en 4 dooplidmate, Alistair, Dennis, Michael en Stephen. Mag julle spoedig tuis voel by ons.

VOORBIDDING

Tannie Martie Kruger het geval en moes steke in haar kop kry.
Tannie Rita Hall het ribbes en haar rug seergemaak met 'n val.
Tannie Anne Botes is in die intensiewe sorgeenheid na sy in die saal verstik het.
Tannie Rina de Jongh gaan na die oogspesialis in Junie. Sy het 'n vergroeisel agter haar linkeroog.
Tannie Doreen Brummelkamp wag nog vir magtigging van die mediese fonds voor kankerbehandeling aan haar lip kan begin. Sy het voorreg gehad om die afgelope week haar 100ste verjaardag te kon vier.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

DANKBAARHEID:

Marikus Eloff is uit die hospitaal ontslaan na 17 dae. Die genesing en helstel is voorwaar 'n wonderwerk. Hermien en kein Michiel bedank almal wat so getrou gebid het, en vir die ondersteuning van alle oorde.

Ons is bevoorreg om vanoggend die doop te bedien aan klein Regardt, seuntjie van Marius en Sanet du Plessis. Ons heet al hul familie en vriende ook baie welkom by hierdie besondere ontmoeting met die Here.

***ATTESTAAT NUUS**:*

Vertrek met Attestaat:

Lynelle van der Colff (Dirk en Talita Coetzee se dogter) na NG Kerk Windhoek
Basie en Tienie Buttner na GK Lyttleton

Attestaat ontvang:

Martin en Simoné Twaddle en dooplidmate Alistair, Dennis, Michael en Stephen vanaf GK Edenvale

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG	AKTIWITEIT		LOKAAL	TYD
So. 24/04	Gebedskamer	Donsie Krüger	Ou Moederskamer	08h00 - 09h00
	Peutersorg (2-4jaar)	Anneke Salomons	Kerkhuis	09h00
	Kleutersorg (4-6 jaar)	Betsie Coetzee	Konsistorie	Tydens oggenddiens
	Katkisasie (Gr 1-7)	Adri van Tonder	Onderskeie lokale	Na oggenddiens
	Katkisasie (Gr 8-11)	Adri van Tonder	Onderskeie lokale	Na 5uur diens
Ma. 25/04	Bybelstudie	Adri Goede	Rynpark 5	09h30
	Volwasse Kategese	Louis Buys	Kerkhuis sitkamer	19h00
Di. 26/04	Koördineringsvergadering		Kerkkantoor	09h00 –12h00
Wo. 27/04	Palms: " Land van eenoor"		Kerksaal	10h00
Do. 28/04	Dust Bybelstudie	Waldo Niemandt	Kerkhuis sitkamer	19h00 –20h00
Vry. 29/04	Gebedsgroep	Donsie Krüger	Konsistorie	05h30 - 06h30
	Manne byeenkoms	Schalk van Eeden	Kerksaal	05h00 - 06h30
	Bybelstudie	Braam Krüger	Konsistorie	08h30

KOMENDE BYEENKOMSTE

- 5 Mei 18:30 Hemelvaartdiens - Ina Bolt
- 8 Mei 17:00 Massa Lof– en Aanbiddingsdiens - Dorel Weideman 072 959 2943
- 12 Mei 18:00 Nuwe lidmaat funksie by die kerk - Ina Bolt 084 339 1136/ 011 849 2054
- 13 Mei Jeugaksie - Adri van Tonder / Otto Coetzer
- 20 Mei 19:00 Klaagliedere van ds. Tienie Benade - Derik van Niekerk

!!LET ASB OP DATUM VERSKUIWING!!

PALMS—SENIOR LIDMATE

WOENSDAG, 27 APRIL

10H00 - KERKSAAL

Kom kuier saam in die "Land van eenoor".

* Hoe beleef dowe– en doofstom mense die wêreld van die horendes?
* Kan jy gesels en hoor as die vertrek donker is?
* Hoe reageer troeteldiere?

Kom hoor nog interessante staaltjies eerstehands van 'n person wat doof is.

Alle belangstellendes is baie welkom!

Vir meer besonderhede kontak :

Una Steyn 083 309 4017

TEESKINKBEURTE

Regmaak van saal voor erediens, uitpak van tee & koffie en opruim & opwas na erediens.

Vandag:	Wyk D19	Zanta du Plessis
1 Mei:	Wyk E26A	Lenie Venter
10 Mei:	Wyk A6	Walda Gouws

NUWE LIDMAAT VERWELKOMINGS FUNKSIE

12 MEI 18H00 BY DIE KERK

Alle nuwe lidmate, en die wat nog nie die funksie bygewoon het nie word hartlik uitgenooi na 'n heerlike kuier en kennismakingsfunksie.

Kontak Ina Bolt by die kantoor om te laat weet of jy kom of nog enige vrae.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag en in die komende week verjaar.

DAG	NAAM	KONTAK NR.
So. 24/04	Li-Anne Bezuidenhout Martin van Niekerk # Hendrina Willemse	083 793 2780 071 074 7224
Ma. 25/04	Basie Butner Malanie Hugo	079 522 8943 084 818 2896
Di. 26/04	Hettie Herbst Alicia Pearce Jan Voster	082 455 8919 073 005 7992 082 335 1610
Wo.27/04	Willem Koen Christo vd Westhuizen	 072 046 7170
Do. 28/04	Zanel Haasbroek Christiaan v Niekerk#	072 728 0418
Vr. 29/04	Riana de Bruyn Petro du Plooy	082 460 8041 083 366 9362
Sa. 30/04	Jan Greyling Mikayla vd Merwe Lassie Vogel Dorel Weideman	082 467 5991 084 505 8641 072 959 2943

BYBELVASVRA.

Verlede keer 17 April se antwoord:

Lukas 18:13

" Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroefop sy bors geslaan en gesê: ? O God wees my sondaar genadig. "

Die volgende lesers het korrekte antwoorde ingestuur: Chrissie Pretorius: Martie Gibson; Gerda de Jager; Jan Lubbe; Jan Bakker

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Ek sal vir hulle **?????** en hulle bymekaarmaak. Ja, Ek gaan hulle red, en hulle sal net so baie wees as tevore"

Vraag: Wat gaan die Here doen om sy volk bymekaar te maak?

Lees gerus Sagaria en noem hoe die Here sy volk weer gaan Bymekaarmaak en noem die vers waar dit staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

DANKIE, DANKIE DANKIE!!

Opregte dank aan 'n ieder en elk wat deel uitgemaak het aan die Songs of Praise opvoering van 17 April 2016. Die dag was 'n reuse sukses, en die kaartjies was bykans uitverkoop. Die name is te veel om te noem, maar almal wat aan die beplanning van die dag, verkeersbeheer voor die kerk (veral die kinders), die ekstra sekuriteit, die susters vir die verversings, elke lidmaat wat help kaartjies verkoop het, die koor en orkes vir julle toewyding en geduld, Dorel Weideman wat die klankbord behartig het, en almal wat gehelp opruim en skoonmaak het na die tyd,
'n GROOT GROOT DANKIE!
Liefdegroete: Die koördineringsdiensgroep.

A5 ADVERTENSIEBLAD

Hier is 'n wonderlike geleentheid vir ons lidmate wat hul eie onderneming bedryf. Stuur asb vir my besigheidsbesonderhede sodat dit geplaas kan word in ons heel eerste blad.
Ek sien uit om van ons sakemanne en sakevroue te hoor.
Geen besigheid te klein of te groot om hierin te adverteer nie. Kom ons ondersteun mekaar deur meer omtrent mekaar se werksaamhede te wete te raak. Geen onkostes aan verbonde nie.
Eerste uitgawe sal 15 Mei verskyn.
Sluitingsdatum: 10 Mei 2016
Baie dankie!
Rene Paulsen
limelight.24@gmail.com / 082 770 1022

KLAAGLIEDERE VAN DS. TIENIE BENADE
EENMANVERTONING
VRYDAG 20 MEI 19H00

Met Frank Opperman.
Teks: Dana Snyman. Regie: Gerrit Schoonhoven.

Hou solank die datum oop!

KOLLEKTES:

Kollektes 3 April 2016:
Barmhartigheid :R 1977
Sustentasie fonds :R 6959
Jeugfonds :R 318

Vandag:
Onder die diens: Barmhartigheid
Buite deure : Kerklike tydskrifte
Volgende week: Dankbaarheidsfonds

ONS AS GEMEENTE IS DIENSBAAR AAN GOD

Om mense te sien swaar kry is vir almal van ons nooit maklik nie en om barmhartigheidswerk te doen is altyd biddende werk. Dit gaan egter oor die gawe om te kan gee. Die bereidheid om vir mekaar te gee kom nie uit ons beursies nie, maar uit ons warm harte en dít word 'n offer van dankbaarheid deur die hele gemeente. As gemeente kan ons só ons persoonlike verantwoordelikheid nakom deur ons Christelike lig te laat skyn.

Wie is Victus Christi en wat doen ons?: VC is 'n nie-winsgewende organisasie (Art 21 maatskappy). Ons visie is om 'n sigbare en volhoubare verskil te maak in die lewensgehalte van behoeftige kinders en bejaardes in ons gemeenskap. Ons wil ons geloof uitleef en deel met die gemeenskap om ons.

Hoe bereik ons die behoeftige kinders en bejaardes in die gemeenskap ? Hoofsaaklik deur skenkings van organisasies wat nie direk by die gemeenskap betrokke raak nie. Ons ontvang die afgelope drie jaar weekliks kos van een van die grootste kettingwinkels in die land. Die waarde van hierdie skenking is R20 000 – R50 000 per week. Dit word Vrydagaande aan 80 kinders in 10 satelietkinderhuise in Benoni versprei. Die vleissnitte word aan die gesinne in ons gemeente wat deur die Barmhartigheidsdiensgroep bygestaan word versprei. Ons verskaf ook op 'n gereelde basis van die kos aan ons Daveytongemeente asook aan Rynpark. Die blomme word deur die Omgeediensgroep aan ons siek- en seniorlidmate geskenk.

Ons ontvang jaarliks vars groente van een van die saadmaatskappye in Gauteng. Ons het in Maart vanjaar 14 ton groente met 'n waarde van ±R100 000 ontvang. Hierdie groente is aan die satelietkinderhuise, Rynpark, Daveytongemeente en ander nie-winsgewende organisasies wat ook in die gemeenskap werk versprei.

Ons het verlede jaar deur die toedoen van een van ons lidmate 3 600 pakke graanvlokkies met 'n waarde van R180 000 ontvang. Dit is aan die satelietkinderhuise, die President Kruger Kinderhuise in Reddersburg en Pretoria asook Rynpark en Daveytongemeente geskenk. Ons ontvang ook skenkings van vleis van lidmate wat versprei word.

Kan u John Bunyan se woorde beaam: *"Jy het nog nie gelewe nie as jy nie iets gedoen het vir iemand wat jou nooit sal kan terugbetaal nie."* Kom stel dit gerus op die proef deur betrokke te raak by Victus Christi en só u gawes in liefde aan te wend.

Hoe kan u betrokke raak? Ons benodig Vrydagaande hulp met die pak van die kos by die winkel in die Farrarmere Square en om dit na die kerkterrein te bring waar die organisasies wat dit ontvang dit kom afhaal.

U kan ook ons maandelikse mark ondersteun deur u vars vleis by VC te koop. Daar is ook stalletjies met vars gebak. Lidmate wat hulle produkte by 'n stalletjie wil verkoop kan ons kontak. Ons hou weer op Saterdag, 7 Mei 2016 mark. Kom ondersteun ons asseblief.

Groete in Christus: Victus Christi

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op Vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

BANKBESONDERHEDE:

BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYS : Volle Naam, Van & Doel

Of SNAPSCAN:

Deur kollekte

Barmhartigheid

BERIGTE:	PREDIKANTE:	KERKKANTOOR:	KOÖRDINEERDER
polsslag@gkbenoni.co.za	Dr. Braam Krüger	Ma-Vr 08:00-14:00	Ronel Ritchie
WEBBLAD:	082 459 5636	Ina Bolt	011 849 6817
www.gkbenoni.co.za	Ds Louis Buys	011 849 2054	081 218 3048
FACEBOOK:	082 927 2034	084 339 1136	ronel@gkbenoni.co.za
https:// www.facebook.com/ GKBenoni/		ina@gkbenoni.co.za	